

Loof die Here vir sy ekosisteem: Verslag van 'n eko-teologiese leeservaring met Psalm 104¹

G M Augustyn
(UP)

ABSTRACT

Praise the Lord for his ecosystem: Report on an ecotheological reading experience with Psalm 104

This article summarises the record of a conscious approach by the writer to interpret Psalm 104 with a comprehensive methodology against the available knowledge of the ecosystemic status of the world. In preparation for this reading the exegete had to reflect on his choice of exegetical method, his own being and presuppositions, knowledge on ecology itself and ecological crisis-talk, and knowledge on the place of creation theology within the Old Testament and its interpretation. A cursory representation of the outcome of the reading, regarding the structure of Psalm 104 and an example of ecotheological interpretation of the inclusio, is included.

1 INLEIDING

Ekoteologie² is reeds lank teenwoordig op die teologiese toneel, maar vorm nie, volgens my eie waarneming, 'n standhoudende onderdeel van die daaglikse teologiese denkwêreld van die deursnee bedienaar van die Woord in Afrikaanssprekende geleedere nie. Aangesien teologie in laasgenoemde groepering tradisioneel sterk gekoppel is aan die eksegeese van die Bybelse teks³, wil ek hiermee my eie verruimende ervaring in die ekoteologiese lees van Psalm 104 aanmeld, om daarmee die potensiaal van hierdie soort teologie onder die aandag te bring.

Die teoloog wat die vakgebied ekologie as oningewyde binnegaan word getref deur die eiesoortige taalgebruik van die ingewydes⁴. Stelselmatig word deur al die begrippe, statistieke en beskrywings heen egter die idee van samehang en afhanklikheid bevestig. Daaruit kom die begrip volhoubaarheid⁵ wat uitstaan in die gemoed nadat enkele tekste oor die ekologie deurgewerk is. Die teologiese vraag is waar die mens inpas in hierdie soort beskrywing van die werklikheid. Daarvoor is in die afgelope dekades met groot publikasiegevolge⁶ besin. By die beskouing van die raakvlak tussen ekologie en teologie, en die nadenke oor die praktyk waartoe

verworwe insigte die teoloog kan lei, is die oorheersende gevolgtrekking een wat reeds bekend is: die mens leef soos hy dink. Binne 'n christelike konteks word die "dink" sterk medebepaal deur die lees van 'n Bybelteks.

2 'N HIPOTESE VIR DIE LEESERVARING

Die hipotese waaruit die studie vertrek is dat daar betekenisvolle perspektiewe op die ekosistemiese werklikheid opgesluit is in die godsdienstige tekste van Oud-Israel, soos vervat in die Ou Testament. Daar kan, deur middel van 'n multi-dimensionele metodiek in die lees van die tekste, aan hierdie perspektiewe reg gedaan word. Die blywende relevansie van hierdie perspektiewe vir die huidige tydsgewrig kan dan na vore kom.

3 VOORBEREIDING OM TE LEES

Eksegese impliseer metode. Metode is meer as die stapsgewyse afhandeling van aksies. Dit bevat ook die verkenning van kontekste, omdat konteks en teks saamspeel tot die interpretasie. Om die toneel vir die lees van Psalm 104 te rangskik kyk ek vervolgens na: a) die eksegese van goeie en 'n komplimentêre metodiek; b) die noodsaak om die eksegeet self te verken; c) die verstaan van die ekosistemiese krisis en reaksies daarop; en d) die gewig van skeppingsteologie in die Ou Testament.

a) Poësie en 'n komplementêre metodiek

Wie 'n Bybelse teks vandag wil lees, het 'n veelheid van moontlikhede. Benewens leestategieë wat aandag gee aan invalshoeke soos die literêre, historiese en ideologiese⁷, is daar ook nog die vele voorstelle in verband met die interpretasie van Oud-Hebreeuse poësie wat gemaak is⁸.

Om 'n werkbare greep op die verskillende moontlikhede te verkry, help dit om te beseft dat daar in die benaderings tot die eksegese van die Ou Testament in die afgelope jare veral twee hoofstrome uitgekristalliseer het: dié wat op die finale vorm van die teks konsentreer en die betekenis van 'n werk as geheel probeer aantoon, en dié wat 'n teks as 'n versameling disparate elemente, wat uitgesorteer en individueel beskou moet word⁹. In Suid-Afrika het hierdie twee benaderings bekend geword onder die terme sinkroniese en diakroniese studies¹⁰. Metodes wat poog om die twee basiese benaderings te kombineer het 'n besondere mate van gewildheid by veral sommige van die opleidingsinstansies wat tradisioneel Afrikaanssprekendes bedien het, gevind. By die Universiteit van Pretoria is die

proses 'n komplementêre metode genoem. Veral W S Prinsloo is die voorste verteenwoordiger van dié metodiek¹¹.

Nadat alle argumente oor die benadering van tekste aangehoor is, moet die leser egter êrens begin om die teks aan te pak. Die voor die hand liggende is om eers te vra na die teks soos dit nou daar uitsien. Van daaruit kan die teks soos dit tot hertoe gekom het met meer as net gewaande belangstelling bekyk word. Dit kom neer op 'n volgorde sinkronie - diakronie. Ten spyte van gebreke, is dit hierdie prosedure wat tog toelaat dat die eksegeet 'n greep (of grepe) op die teks verkry terwyl die teks weer onmiskenbaar nuwe grepe op die werklikheid vir die leser bewerkstellig. Daar is ook 'n groeiende bewussyn by eksegete die wêreld oor dat sinkronie en diakronie tog in een metode gebruik kan word¹². Faktore soos die belesenheid, belewenisomvang en lewens- en wêreldbeskouing van die eksegeet is die determinante wat saam met die genoemde twee grepe daartoe lei dat verbeelding, intertekstualiteit en ook nuwe betekenistoekenning (aktualisering) hulle sê kry in die interpretasie. Dit kom neer op die volgende beskrywing van Deist¹³ oor die eksegetiese metodiek:

“What we need is a marriage of structural and historical awareness *within the perceiving mind of the exegete* (klem syne). For this there is, to my mind, no recipe”.

b) Die noodsaak om die eksegeet self te verken

Uit die aandrag van sekere eksegetiese modelle op groter sosiale bewussyn by die eksegeet, en ook uit die stelling wat gereeld gehoor word in die teologie, naamlik dat die voorveronderstellings van die eksegeet 'n bepaalde rol speel in sy interpretasie van die teks, kom die gevolgtrekking dat die konteks van die eksegeet uitdruklik verken moet word.

Dit is 'n feit dat die moontlikhede van die menslike brein byna onbeperk is. Dit is nodig om te sê “byna”, want selfs die grootste van denkers en skrywers onder die mense sal blyk, na noukeurige analise, om sekere gedagtegoed, segswyses, interpretasiepatrone, voorbehoude en onderwerpe wat hom besig hou te hê. 'n Totaal vrye (dit wil sê 'n onbevang, vinnig-wisselende in standpunt en omvang) denker is nie moontlik nie.

'n Tendens bestaan in die teologie, wat tog maar 'n waardeoordeelende wetenskap is, en waaraan mense met 'n drang na volle persoonlike betrokkenheid (“commitment”) deelneem, dat daar toegegee word dat voorveronderstellings verreken moet word, maar dat dit in die praktyk daar gelaat word sodat voorveronderstellings onbewustelik hul rol moet speel. Dit is uit die praktyk van skryfwerk te verstaan. 'n Mens gaan nie

met elke teks wat jy pleeg eers jou voorveronderstellings lys nie. Buitendien is dit deel van die spel van skryf en lees dat die leser uit die teks moet speur wat die skrywer dryf en pla. Hier wil die skrywer egter aan homself en aan sy kritici 'n diens probeer bewys deur 'n konteksverkenning te doen.

Die sake waaroor 'n eksegeet met homself eerlik moet probeer wees is legio. Deist¹⁴ noem onder andere die volgende: teologiese afstamming (byvoorbeeld: Protestants, Gereformeerd, Calvinisties, denominasie, gunsteling teoloë of leermeesters), sosio-ekonomiese “laag” waarin geleef word, politieke oortuigings, morele en sedelike norme, historiese bewus-syn, gekose metodologiese en filosofiese onderbou, kennis en hantering van die epistemologie, kultuur waarin geleef word, persoonlike psigolo-giese profiel. By hierdie lys, wat verseker nie volledig is nie, kom nog die belangrike insig dat 'n mens bepalend in jou kinder- en jeugjare “gestem-pel” word deur jou ervarings in jou ouerhuis, en dat baie houdings en pre-okkupasies in die volwasse lewe daarheen terug gelei kan word.

Die vraag is nou hoe die selfportret van die eksegeet in hierdie studie lyk¹⁵.

Ek is gebore in 'n middelklas blanke Afrikaner-huisgesin met groot-ouers wat bywonerstatus geken het. 'n Bepaalde konsep van ontwikkeling en vooruitgang met dissipline is hierdeur in my gemoed geskep. Van my breëre familie is plaasmense, waardeur kursoriese kontak met die bestaan van die mens naby aan die natuurelemente kon plaasvind. Opvoeding geskied in 'n “normale” ouerhuis, en is nie-rassisties, Afrikaner-georiënteerd, binne die Christelik-Nasionale staatskoolstelsel en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Teologiese opleiding geskied in totaal aan die Teologiese Fakulteit (Afdeling B) aan die Universiteit van Pretoria in die jare middel sewentig tot vroeg tagtig. Oorsese besoeke na lande in Europa as jongmens laat in hierdie tyd horisonverruiming plaasvind. Aan die einde van die teologiese studie is die grootste stryd in my gemoed rondom die naïwiteit wat deur die studie verbreek is, en die worsteling om van 'n fundamentalistiese paradigma na 'n gebalanseerde kritiese raamwerk oor te skakel. Kennismaking met die militêre sy van menswees bring 'n besef van die onvolmaaktheid van menslike pogings om kwaad te besweer. Dit stel my ook in staat om kennis te maak met ander fasette van Afrika wat ek tot nog toe nie geken het nie. Transkulturele ontmoetings in Qwa-Qwa en Venda stel die enigmatiese karakter van Afrika bloot, asook 'n besef van die negatiewe impak wat alle inwoners van Afrika op die natuur-like omgewing het. Die praktyk stempel my persoonlike teologie al meer gereformeerd en afsydig teenoor piëtisties-charismatiese strominge. Ek is

geensins as 'n "natuurkind" te bestempel nie. Nogtans blyk my belangstelling in die oorlewing van die geskapenes te wys dat 'n mens nie 'n reg om daarvoor te kan praat slegs kan reserveer vir diegene met intieme kennis van die natuurwetenskaplike detail of 'n rekord van passievolle aanvoeling vir en fisiese betrokkenheid by allerlei "natuurlike" dinge nie.

My houding oor die post-1994 Suid-Afrika tipeer ek as een van "versigtige pessimisme". Die perspektief op die verrykende bydrae wat 'n verskeidenheid tot 'n eenheid kan maak ontbreek ongelukkig lotsbepalend in hierdie tydsgewrig op die plekke waar die mense met die mag is. 'n Versugting is hier van pas: mag die insigte oor die belang van biologiese diversiteit vir 'n harmonieuse ekosisteem, wat die ekologie ons leer, eendag waarlik huis toe kom in Afrika, en wel in die vorm van insigte oor die belang van diversiteit vir 'n harmonieuse sosio-sisteem.

'n Selfportret soos die bostaande, skep met beperkinge en al myns insiens 'n raamwerk, waarin ekself en ander wat sou belang stel in dit wat volg, in hierdie en ander studies kan interpreteer in die heerlike, gevaarlik-ontblotende spel van die hermeneuse. En uit die boek van die dekonstruksiedenkens kan ons ten minste dié blaadjie neem dat 'n mens nooit klaar gedink is nie. Daarom sal daar voortdurende herbesinning plaasvind. Of 'n mens maklik instaat is om radikaal buite jou diepste riglyne te gaan dink en sodanige posisie met groot stelligheid vas te hou, sal egter gesien moet word.

c) Die verstaan van die ekosistemiese krisis en reaksies daarop

Wie met 'n groen oog na 'n Bybelteks wil kyk, moet eers verstaan wat in die globale ekosisteem aangaan en hoe dat daar daadwerklik 'n "krisis" bestaan. Dit is meermale maklik om die werklikheid van die sogenaamde "ekologiese krisis" te bevraagteken vanuit die knusheid van die persoonlike ruimte waarin die waarnemer mag lewe en wat, deur 'n tonnelvisioen gesien, heel gesond lyk.

Hierdie ondersoeker het dan ook gaan lig soek by ekoloë¹⁶ en kon met behulp daarvan sy persoonlike waarneming van die omvangryke natuurlike omgewing waarin hy leef inbreek in verstandelik-bevatlike kategorieë.

Die grondmetafoor vir 'n begrip van die broosheid van die planeet waarop ons woon is om dit die "ruimteskip aarde" te noem, en dan te bedink wat met die ruimtevaarders van Apollo 13 gebeur het. Die skrywer Odum¹⁷ het laasgenoemde insident vir so 'n doel vertolk. Die gebeure was kortliks dat met die Amerikaanse ruimteprogram se sending Apollo 13 (in

1970), daar 'n ontploffing aan boord was kort voordat 'n maanlanding uitgevoer sou word. Die sending moes toe inderhaas probeer terugkeer aarde toe, terwyl die lewe-ondersteunende stelsel beskadig was, en oorlewing afgehang het van die beperkte lewe-ondersteunende gasse en stelsels in die maanlandingstuig. Gelukkig het die gebeurtenis uiteindelik goed afgeloop. Vir Odum is die hele episode 'n beeld van hoe afhanklik die mens van sy "life-support system" is, waarvan inligting oor en verstaan van die werking van die "tuig", doeltreffende gebruik van lewensmiddele, en die noodsaaklikheid om afval reg te berg en te sirkuleer, lewensbelangrik is. Odum beklemtoon dat mense soms net die sigbare en direk bekende elemente aanvaar as noodsaaklike voorwaardes vir hulle bestaan, maar dat dit juis die onverrekenende en ongekenende elemente is wat die voorwaarde vir bestaan is. Die "moederskip aarde" is 'n ganse lewensondersteunende sisteem. Die prosesse wat lewe moontlik maak en ondersteun betrek dinge wat nie menslik is nie. Die mens lyk na die hoofrolspeler op die skip, maar sal geen sekonde daar kan wees as die ander elemente nie die noodsaaklikhede vir lewe daarstel nie.

Dit is hierdie beeld van 'n ruimteskip met beperkte bronne waarin die mens akuit bewus raak van dit wat hy altyd as vanselfsprekend aanvaar, en hoe naby hy aan totale vernietiging leef, wat nodig is om die individu tot insig te skok en aan te spoor om meer te begryp van die werklikhede van die beperkte omgewing in die tydsgewrig waarin ons tans leef.

Uit 'n lesing van handboeke oor die ekologie¹⁸ blyk dit vir 'n teoloog dat "lewe op aarde" 'n frase is wat 'n ryke verskynsel beskryf, wat uiters fyn ingestel is, en dat die werkinge daarvan nie te deurdring is sonder genoegsame aandag en tyd nie. Selfs 'n effense kennis van ekologie stel die teoloog dus in staat om die lewe stelselmatig beter te deurpriem as 'n "wonder uit God's hand".

Wat verder help om die oog voor te berei vir die leeswerk is 'n kortbegrip van die ontwikkeling van omgewingsbewustheid sedert die negentiende eeu, die nuwe fokus daarvan sedert die 1960's, en die reaksies op omgewingswanstande soos in die programme van die Verenigde Volke Organisasie en deur 'n wye spektrum van kerklike en teologiese werksydes¹⁹.

Dit alles lei tot die soeke na die ontwikkeling van 'n "groen" of "ekologiese" lens waardeur die Bybelse tekste nuut gelees kan word. Hiervoor lewer onder andere mense soos Santmire²⁰ en Loader²¹ basiese materiaal. Die lens moet so geslyp wees dat dit die verband tussen Skepper, kreature en mens voortdurend en gebalanseerd saam kan fokus, en moet met groot sorg so gehanteer word dat dit nie blinde kolle toelaat vir verskuilde agendas wat logiese teenstrydighede huisves nie.

d) Die gewig van skeppingsteologie in die Ou Testament

Aangesien eksegetiese en teologiese handeling saamloop, is 'n verkenning gemaak van die stand van skeppingsteologie. Die klassifisering van tekste as skeppingstekste, die interpretasie van die relatiewe belangrikheid van die skeppingsteologie soos verteenwoordig deur die denke van Von Rad en Westermann, en die manier waarop resente teologiese pennevrugte van Goldingay, Preuss, Kaiser, Schreiner en Childs die skeppingsteologie hanteer, is ondersoek²².

Die verkenning dui aan dat skeppingsmotiewe nie min voorkom in die Ou Testament nie en dat dit 'n meer-dimensionele voorkoms het. Dit is myns insiens ook aanvaarbaar om aan die einde van die twintigste eeu na die pad wat Ou Testament teologie die afgelope dekades gevolg het terug te kyk, en dan tot die gevolgtrekking te kom dat die aanspraak dat skeppingssteologie "chronologies laat, teologies sekondêr" is, maar een van twee oordele oor skeppingsteologie is. Dit is bepaal deur die noodsaak van die tyd waarin dit gesê is, deur die mode wat daaruit ontstaan het, en die dwingende aard wat wetenskaplike paradigmas na verloop van tyd skyn aan te neem. Netso kan 'n beskouing vandag dat skeppingsteologie gewaardeer moet word as synde "chronologies onseker, teologies fundamenteel", binne die teenswoordige noodsaak, mode en paradigma as gewigtig genoeg vir ernstige teologiese waarheidsstatus geld.

Skeppingsteologie is genoegsaam teenwoordig in die Bybelse tekste om dit ernstig op te neem. Dit is te betwyfel of die skeppingsteologie op die periferie van teologiese belangrikheid geag behoort te word. 'n Besluit om skeppingsteologie sekondêr te ag, of dan nie ten minste as ewe belangrik as die ander teologiese stroom (redding, verlossing) nie, het geblyk bepaald te wees deur die teologiese voorkeure en prioretisering van 'n bepaalde teoloog in 'n bepaalde tyd.

Die tendens dat hernude aandag aan skeppingsteologie gegee is in van die jongste pennevrugte van Ou-Testamentiese teoloë, bevestig dat die eis van die dag die stem van die skeppingsteologie weer hoorbaar gemaak het.

4 DIE LEESWERK SELF


Met die komplementêre metodiek is Psalm 104 gelees en sodoende kon aandag gegee word aan die tekskritiese, teksimmanente en historiese fasette van die teks²³. Dit kon lei tot 'n ingeligte vertolking van die teks binne die

kader van die omgewingsproblematiek. Ruimte laat nie hier toe dat die hele eksegetiese verhaal op die hele teks geïllustreer word nie. Ek volstaan hier met 'n aanmelding van die struktuur van die teks soos gevind²⁴, en die bevindinge oor die sogenaamde omraming van Psalm 104. In opvolgende publikasies sal die res van die psalmeksegese weergegee word.

Die struktuur van Psalm 104

Benewens die inklusiewe openings- en slotlofoproepe (1a en 35c) vind ek 7 stansas, naamlik 1b-4b, 5a-9b, 10a-12b, 13a-18b, 19a-23b, 24a-30b, 31a-35b.

Die geheelstruktuur van die psalm:



Die self-lofoproepe in verse 1a en 35c vorm die allesinsluitende raamwerk van die psalm.

Stansa I en VII vorm 'n tweede raam omdat albei teofaniese taal gebruik, en verder eindig stansa I met עֲשֵׂה (4a) en begin stansa VII met בַּמַּעֲשֵׂי (31b).

Stansa II en III verbind weens die ooreenkoms in opbou, naamlik dat in stansa II אָרָץ en בָּל- formasies in 5a + b en 19a + b voorkom, dit wil sê as 'n soort omraming, en in stansa III word met בָּן dieselfde effek verkry. Verdere binding word verskaf deur die voorkomste van הָרִים in 6b, 8a (stansa II) en 10b (stansa III) en die inhoudelike momente van groot en klein waters waaroor die twee stansas handel (מֵיִם in 6b en כַּחֲלִיִּם in 10a).

Stansas IV, V en VI verbind met mekaar weens die opvallende voorkoms van עֲשֵׂה aan die begin van elke strofe, naamlik מַעֲשִׂיךְ in 13b (stansa IV), עֲשֵׂה in 19a (stansa V) en מַעֲשִׂיךְ en עֲשִׂית in 24a + b (stansa VI). Hierdie klem op die handeling van Jahwe stel die drie stansas in newe-

skikking tot mekaar, en hulle vertel onderskeidelik van Jahwe wat versadig deur middel van voedsel en skuiling (IV), Jahwe wat geborgenheid gee deur middel van reëlmaat en afwisseling, tye en plekke en grense (V), en Jahwe van wie alle kreature afhanklik bly omdat Hy gee, versadig en vernuwe (VI). Die gedagte van voedsel, versadiging en voorsiening is in al drie stansas prominent soos in שבע en לחם in 13 en 14 (stansa IV), die “gebed” van die leeu om prooi (ולקש אכלם) in 21b (stansa V) en die אכלם en ישבעון in 27b en 28b (stansa VI).

Die eenheid stansa II en III verbind met die eenheid stansa IV, V en VI weens die voorkoms van ארץ in 5a (II) en 24c (VI), הרים in 10b (III) en 13a en 18a (IV), en שקה in 11a (ישקו, III) en 13a (משקה, IV). Die inhoud van die onderskeie dele kan, met die feit dat Jahwe die voorveronderstelling van al die uitinge van die digter in gedagte gehou, soos volg saamgevat word:

- | | | | |
|-----|---------|---|---|
| I | 1 - 4 | : | Die natuur is meer: Jahwe is daaragter. |
| II | 5 - 9 | : | Jahwe stel die grense van die groot waters vas en maak 'n leefbare terrein. |
| III | 10 - 12 | : | Jahwe laat dit bruis van lewe rondom die klein waters. |
| IV | 13 - 18 | : | Jahwe versadig alle skepsels met kos en woonplek. |
| V | 19 -23 | : | Jahwe gee tye en plekke: Grense gee geborgenheid. |
| VI | 24 - 30 | : | Jahwe is die diepste grond van al wat bestaan. |
| VII | 31-35 | : | Geloof sien Jahwe raak en loof; goddeloosheid is onvanpas. |

Uit die strukture van die individuele stansas en die geheel van die psalm is die besondere hegtheid van die digkuns alhier, maar ook die ekonomie daarvan, die sin vir ontwerp en die rykdom van assosiasie wat die taalgebruik skep telkens op te merk. Geen wonder nie dat kommentatore in allerlei lofliedere oor hierdie lofpsalm uitbars nie. Hierdie formele en inhoudelike kohesie het dan ook betekenis vir die saak waaroor dit gaan, naamlik die oordenking van die kohesie en kohabitasie wat in die omgewing van mens en dier, die natuur as saambestaansterrein, deur Jahwe geskep en onderhou word. Die literêre vorm en die teologiese boodskap is in hierdie psalm in die ware sin van die woord komplementêr.

Die omraming (inclusio) en die moment van ekoteologie daarin

Die ברכי נפשי את־יהוה is 'n oproep tot die persoon van die digter self om tot lof aan Jahwe oor te gaan. Dit is bekend dat die 1933/1953 Afrikaanse

Vertaling שפן reëlmatig konkordant met “siel” vertaal het, ’n gebruik wat verander is weens die kritiek op die etimologiese linguïstiek daaragter. Vandaar dus die 1983 Afrikaanse Vertaling se doodgewone: “Ek wil die Here loof”. Aangesien hierdie formule in die konteks van die lofpsalms Psalms 103-107 gebruik word, kan daar ook by hierdie ander psalms lig opgesteek word oor die funksie van lof en hierdie formule. Allen²⁵ verwys na die letterlike betekenis van שפן (keel) as die orgaan van die stem, en dié in Psalm 103:1 daarmee saam genoemde “binnegoed” van die mens, die hart en niere daarmee bedoel, wat hom tot die gevolgtrekking laat kom,

“...a total emotional response is elicited, from those parts of the body where the emotions were held to be seated”.

Die lofoproep wil dus ’n bewustelike betrekking van die totale mens (nie net die “siel” nie) by die saak van die lof wees, iets waarop Westermann²⁶ uitbrei, veral met die klem op die feit dat in Psalm 103 die oproep om te loof saamgaan met die vermaning om nie te vergeet nie. Hy stel dit dat,

“The coordination of ‘bless’ and ‘forget not’ expresses a profound truth: only those who praise do not forget. One may indeed speak about God, and still have forgotten him long ago ... Forgetting God and turning away from God always begins when praise has been silenced. The secret of praise is the power it has to make connection with God”.

Die individuele self-lofoproep funksioneer dan ook in die liturgie om die ander aanbidders in te stel op die integrasiepunt van hulle lewens, en daardie funksie word vir elke nuwe geslag (ook die modernes) wat die psalm gebruik so vervul²⁷.

Toegepas op Psalm 104, soos hier gelees binne ’n ekologiese probleembewussyn, dui die lofformule, as begin en einde van die “oor-denking” van die natuur as manifestasie van God se werkinge, op die noodsaak van die regte ingesteldheid en regte gesindheid teenoor die natuur of omgewing as synde verbind met God. Sowel individu as gemeenskap het nodig om weens die selfgerigtheid en vergeetagtigheid van die menslike natuur die lofoproep te beoefen.

5 SLOT

Eksegese is ’n proses wat die leser voluit betrek. Bewustelik of onbewustelik word die hele konstitusie van die interpreteerder gebruik. Ekoteologie is ’n teologiese besigwees wat ook die leser se volle wêreld betrek - die leser bly immers hier by grasia van die geheel én die onderdele van die groot huis (*oikos*). Psalm 104 is ’n uitnemende teks wat hierdie omvattende

leeservaring bemoontlik het. As opsomming van wat Psalm 104 vir die ekoteologie te sê het, bied hierdie leser die volgende uitkoms van sy ervaring met die teks aan:

Die grondhouding wat die digter aan sy leser deurgee is dat 'n mens nie kan loof, en dus waarlik met insig kan leef, sonder 'n geloof in die Skepper en die eiewaarde van die skepping nie. Om God te ken is om die leefwêreld-vir-mens-en-dier-deur-God-gegee te ken. Die psalm kan ook as 'n belydenis oor die verhouding van die ware God tot die geskapene gesien word. Die Skepper word as die koning by uitstek, wat beskerm en versorg, geskets. Om dinge wat Hy tot nut van die skepping gemaak het te verhef tot gode is raserny. Lof vir die Skepper se sorg beïnvloed noodwendig die belangstelling in die voorwerp van die sorg, naamlik die individuele geskaphede.

NOTAS:

- 1 Hierdie artikel is 'n opsommende uittreksel uit die DD-proefskrif deur G M Augustyn, *Psalm 104: 'n Ekoteologiese perspektief*, Pretoria 1996 (Universiteit van Pretoria, promotor: Prof W S Prinsloo).
- 2 Die term "ekoteologie" dui op die doen van teologie met 'n toegespitste aanwending van kennis uit en bewussyn van die kennisveld "ekologie".
- 3 Om Bybelse tekste uit te lê is natuurlik nie die enigste manier van teologie beoefen nie. Die moderne vraaghorison met eiesoortige probleme vereis soms ook dat vanuit dogmatiese oogpunt daar meer vanuit "beginsels" of "tradisies" in die Christelike arsenaal gewerk moet word, as wat 'n bepaalde teks aangehaal kan word. Die liefde vir en behoefte aan in-diepte-studie van die Bybelse tekste was nog altyd 'n besondere kenmerk van die Joods-Christelike godsdienste, en moet as 'n positiewe trek beskou word. Die leeshandeling verruim die leser se moontlikheid tot verstaan, en die Bybelteks in besonder het homself bewys as 'n kragveld waarin inisiasie en innovasie kan plaasvind. Dit is dus die moeite werd om nogeens 'n ou antieke teks noukeurig te ondersoek. Die minste wat daardeur as wins verkry kan word is om vir 'n bepaalde geloofsgemeenskap sekere waarhede aan die didakties-nuttige raamwerk van 'n gerespekteerde teks vas te knoop. W S Prinsloo, *Die Ou Testament, 'n verouderde boek?: Enkele gedagtes na aanleiding van Psalm 15*, Pretoria 1987, 3 verwys, na aanleiding van 'n opmerking van Hanson oor "sweeping summaries" as 'n manier van teologie beoefen, na die weg wat teologiese gevolgtrekkings via die moeisame arbeid met die teks moet loop.
- 4 Die terminologie van ekologie word uiteengesit in Augustyn, *a w*, 48-61.
- 5 Voortdurende navorsing na die welstand van die aarde en die vordering na 'n volhoubare lewe word voortreflik gedoen deur Lester Brown en sy Worldwatch Institute. Kyk Augustyn, *a w*, 66 en 91. Kyk ook op die Internet by <http://www.worldwatch.org>.

- 6 Ernst Conradie het ons die guns bewys om 'n omvattende bibliografie oor ekoteologie by te hou. Kyk E M Conradie "Ecology and christian theology: An introduction with a comprehensive, indexed bibliography", *Scriptura* 47 (1993), 52-104; E M Conradie, *Rus vir die hele aarde*, Kaapstad 1996. Kyk ook Augustyn *a w*, 69, 79 oor Conradie.
- 7 'n Inventaris van metodes is te vind by Augustyn, *a w*, 7-8; 37-40. 'n Oorskou is ook te kry by F E Deist, "South African Old Testament studies and the future" in: P J Botha (et al)(eds), *Understanding the Old Testament in South Africa*, Pretoria 1994, 33-51.
- 8 Vir 'n bespreking van die gesigspunte op Oud-Hebreeuse poësie wat bygedra is deur mense soos Collins, Geller, Freedman, O'Conner, Van der Lugt, Alonso-Schökel, Kugel, Cross, Watson, Alter, Berlin, Van Grol, Cloete, Burden en Nel, asook verwysings na die psalmstudies wat gedoen is in Duitse, Engelse, Franse en Afrikaanse kringe, kyk Augustyn, *a w*, 12-21.
- 9 Kyk hieroor byvoorbeeld na G H Wilson, *The editing of the Hebrew Psalter*, Chico 1985, 1.
- 10 Kyk byvoorbeeld na J A Loader, "Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese", *Hervormde Teologiese Studies* 34/1 (1978), 6; J H le Roux, *A story of two ways: Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa*, Pretoria 1993.
- 11 Vir bondige beskrywings van sy werk, kyk J H le Roux, "Die departement Ou Testament, 'n halwe eeu", *Skrif en Kerk* 9/2 (1988), 160-180; J H le Roux, "W S Prinsloo se immanente lees van die Psalms", *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 30/4 (1989), 383-391.
- 12 Kyk W S Prinsloo, "Die histories-kritiese metode(s) in perspektief", *Skrif en Kerk* 9/2 (1988), 196-209; W S Prinsloo, "Oor eksegetiese metodes en nog wat: 'n Gesprek", *Hervormde Teologiese Studies* 46/1 & 2 (1990), 144 -152.
- 13 F E Deist, "Again: method(s) of exegesis", *Old Testament Essays* 1 (1983), 73-88.
- 14 Kyk F E Deist & J J Burden, *'n A B C van Bybeluitleg*, Pretoria 1980, 32-38; F E Deist, "Hoeveel betekenis het die Bybel dan? Bybelinterpretasie in 'n heterogene gemeenskap", *Theologica Evangelica* 14/3 (1981), 2-11.
- 15 Vollediger uiteengesit in Augustyn, *a w*, 24-28.
- 16 Kyk byvoorbeeld E P Odum, *Ecology and our endangered life-support systems*, Massachusetts 1989. Ook P A J Ryke, *Ekologie: Beginsels en toepassings*, Durban 1978.
- 17 Odum *a w*, 2-7.
- 18 Vollediger weergegee in Augustyn, *a w*, 47-61.
- 19 Breedvoeriger uiteengesit in Augustyn, *a w*, 61-80.
- 20 Santmire se voorstelle in verband met Bybelse metafore waarmee die ekoteologie begelei kan word is te vinde in sy werk H P Santmire, *The travail of nature: The ambiguous ecological promise of Christian theology*, Philadelphia 1985. Vir 'n bespreking van sy belangrikheid kyk Augustyn, *a w*, 28-32.
- 21 J A Loader, "Image and order: Old Testament perspectives on the ecological crisis", in: W S Vorster (ed), *Are we killing God's earth?: Ecology and theology*, Pretoria 1987, 6-28; J A Loader, "Natuur en wysheid: Een en ander oor die vraag of die wiel herontdek word", *Old Testament Essays (New Series)* 3/2 (1990), 159-170; J A Loader, "Life, wonder and responsibility: Some

- thoughts on ecology and Christian mission", *Missionalia* 19/1 (1991), 44-56.
Kyk ook Augustyn, *a w*, 31-32, 76.
- 22 Breedvoeriger bespreek in Augustyn, *a w*, 105-119.
- 23 Kyk hiervoor Augustyn, *a w*, 125-184.
- 24 Kyk Augustyn, *a w*, 136-161, 317-325, vir 'n volledige beredenering van die struktuur van elke stansa, asook vir vergelykings met die struktuur soos deur ander ondersoekers bevind.
- 25 L C Allen, *Psalms 101-150*, Waco 1983, 18 en 26.
- 26 C Westermann, *The Psalms: Structure, content and message*, Minneapolis 1980, 5-9.
- 27 Westermann, *a w*, 7; Allen, *a w*, 22.